NUWE HORISON - OPSOMMING

GESKRYF DEUR JOLANI DU PREEZ - @verHOOG PRODUKSIES

Soms kom ons tot stilstand op ons lewenspad en moet keuses maak.

So het Schalk Jnr se reis begin. Hy moes ‘n keuse maak of hy saam met sy Pa die skaapboerdery in die Karoo wat droogte en slegte ekonomie in die gesig staar gaan trotseer of gaan hy ‘n GAP-jaar vat .

Vir sy ouers het sy besluit ook implikasies want dit is nie meer veilig vir hulle alleen op die plaas nie. Die Ouetehuis, “Salige Siele“, wink vir Pa Schalk en Ma Hester. Ma Hester voel dat hul liefde vir Schalk nie beperk tot landsgrense is nie. Pa Schalk stap en maak die voëlhok oop . Hy glo dat mens soms moet laat gaan en kyk wat gebeur.

Op Schalk se reis ontmoet hy vir Julia die reisagent wat hom help om sy soekende reis te beplan. Eers maak Schalk ‘n draai by die Kiewies, want hy is BAIE lief vir rugby - maar die Kiewies het nie vir hom gewerk nie. Vir ‘n GAP-jaar voel Julia London moet sy volgende bestemming wees - maar om ‘n Braaivleisie met ‘n Mince pie te vergelyk was vir Schalk onaanvaarbaar!

Vir Julia lyk Schalk na ‘n outjie wat hou van kuier en sy het hom China toe gestuur. Schalk het vinnig agtergekom dat alhoewel alles sê “Made in China”, vriendskappe nie juis daar gemaak word nie en die goed wat hulle daar eet het ook gladnie in sy smaak geval nie.

Sy volgende vlug was na ‘n eiland van son, see en strand - Schalk het gou tuis gevoel op die eiland net om te hoor dat daar weer ‘n Tsunamie oppad is. Verskrik het hy by Julia aangekom wat gevoel het dat hy bietjie liefde nodig het en sy het hom Frankryk toe gestuur – Parys: die stad van liefde en “pick pocket” kriminele!,en die hartseer dat die ISIS-beweging ook niks van die liefde verstaan nie. Schalk was geskok om te hoor dat daar geweld en misdaad in Frankryk ook is!

Schalk is oortuig dat hy die “American Dream” moet gaan soek! - maar die “American dream” is toe ‘n nagmerrie en jy moet juis aan die slaap wees om daai leuen te glo!

Schalk besluit om sy heil in Noorweë te gaan soek, want hulle het tot ‘n middernagson. Julia probeer hom oortuig dat sy tydsberekening totaal verkeerd is,

Kopiereg voorbehou

maar daaraan steur Schalk hom glad nie. Nodeloos om te sê, Noorweë het toe ook nie gewerk nie.

Soos die Israeliete soek Schalk tevergeefs na die beloofde land. Hoe lank nog ???
Julia is oortuig dat sy weet waarna Schalk soek - maar die keer wil sy saam met hom gaan.

Hy is opsoek na ‘n land van braaibroodjies, biltong, son, see en berge. Hy wil die visarend hoor roep en die tolbos sien waai. Sy weet waar hy dit gaan kry, maar die vraag is - is hy gereed vir ‘n Nuwe begin!!!

Op die plaas is die voëls onverklaarbaar terug in die hok. Die huistelefoon lui met reëndruppels wat in die agtergrond op die sinkdak gehoor kan word !!!
Klein Schalk is oppad terug - hy bring ‘n Engelse nooi met ‘n boerehart saam!!!
Schalk snr beveel Hester aan om vir Salige Siele te laat weet dat hulle twee nie nou tyd het om salig te word nie en trek die “Te Koop”-bordjie uit !!!

Klein Schalk en Julia arriveer op die plaas en Klein Schalk sê hy weet nou waarvoor staan “GAP-jaar”,Genade Asseblief Pa ????,
Maar Schalk Snr antwoord hom
Nee!
Dit staan vir: Genade Altyd Prysloos, want Jesus het lankal die prys vir ons betaal !!!

Die Einde

Kopiereg voorbehou